SEËLREG
STAMP DUTY R500,00
FOOI
FEES

\IN-DEED\DEED
Opgestel deur my,

Transportbesorger
S W VAN DER MERWE

BC 011993 10
GEKANSELLEER
CANCELLED
REGISTRATEUR/REGISTRAR
03 03 10

VERBIND MORTGAGED
VIR FOR R 3 000 000,00
B 56702 /2000
25 08 2000
REGISTRATEUR/REGISTRAR

For Information Only

T 000112111 / 2000

# AKTE VAN TRANSPORT

HIERBY WORD BEKEND GEMAAK :

DAT CYNTHIA DU PLESSIS

voor my, REGISTRATEUR VAN AKTES te PRETORIA verskyn het, sy die genoemde Komparant synde behoorlik daartoe gemagtig kragtens 'n Volmag geteken te PRETORIA op die 24ste dag van JULIE 2000

aan haar verleen deur -

MKHONDO L T
DATA NASIEN

MASANGO N C
DATA OPSIT

1. CHRISTIAAN DE WEERDT
Identiteitsnommer 331024 5010 08 7
en
MARIA SALOME DE WEERDT
Identiteitsnommer 330713 0012 00 4
Getroud binne gemeenskap van goedere met mekaar

2. PETRUS JACOBUS DE WEERDT
Identiteitsnommer 600129 5103 00 8
en
MARGARETHA MARIA DE WEERDT
Identiteitsnommer 610925 0034 08 2
Getroud binne gemeenskap van goedere met mekaar

EN die genoemde Komparant het verklaar dat haar Prinsipale, waarlik en wettiglik verkoop het, en dat sy, die genoemde Komparant, in haar voornoemde hoedanigheid, hiermee sedeer en transporteer aan en ten gunste van -

DASTEK (EIENDOMS) BEPERK
NO. 1998/004479/07

diese opvolgers of regverkrygendes in volle en vrye eiendom:

RESTERENDE GEDEELTE VAN GEDEELTE 35 (GEDEELTE VAN GEDEELTE 13) VAN DIE PLAAS WATERKLOOF 378, Registrasie Afdeling J R, PROVINSIE GAUTENG;

GROOT 3,3456 (DRIE komma DRIE VIER VYF SES) Hektaar;

AANVANKLIK GEREGISTREER KRAGTENS SERTIFIKAAT VAN GEREGISTREERDE TITEL T24653/1950 MET KAART DAARAAN GEHEG EN GEHOU KRAGTENS AKTE VAN TRANSPORT T100732/92.

ONDERHEWIG AAN DIE VOLGENDE VOORWAARDES:

1. DIE Resterende Gedeelte van Gedeelte G van gedeelte van die gesegde plaas, groot as sodanig 22,8350 Hektaar (waarvan die eiendom hieronder getransporteer 'n gedeelte vorm) is onderhewig aan en geregtig tot:

    (a) ONDERHEWIG aan 'n reg van weg 3,15 meter wyd, ten gunste van Gedeeltes 38, 39 en 40 van gesegde Gedeelte G soos

For Information Only

respektiewelik getransporteer onder Aktes van Transport Nrs 19825/1941, 19826/1941 en 19827/1941 op 8 November 1941, langs die lyn B E soos aangetoon op die kaart S G Nr. A2316/1939 van gesegde Gedeelte 38, geheg aan gesegde Akte van Transport Nr 19825/1941.

(b) GEREGTIG tot 'n reg van weg 3,15 meter wyd langs die gesegde lyn B E aangetoon op gesegde kaart S G Nr A2316/39 oor gesegde gedeeltes 39 en 40.

(c) KRAGTENS Notariële Akte van opheffing van serwituut K4377.90S gedateer 13 Augustus 1990 is die werking van serwitute van reg van weg slegs opgehef ten aansien van erwe 1383, 1385, 1430 Monument Park X 8 soos meer volledig sal blyk uit genoemde notariële akte.

(d) KRAGTENS Notariële Akte van Opheffing van Serwituut Nr K2006/92S verval die serwituut van reg van weg soos uiteengesit in voorwaarde 1(a) en (b) op bladsy 3 hiervan slegs ten aansien van resterende gedeelte van gedeelte 24 (gedeelte van gedeelte 13) van die plaas Waterkloof en gedelte 39 (1-24) van die plaas Waterkloof J R. Soos meer volledig sal blyk uit gemelde Notariële Akte.

EN VERDER onderhewig aan sodanige voorwaardes genoem of waarna verwys word in gemelde aktes.

WESHALWE die Komparant afstand doen van al die reg en titel wat -

1. CHRISTIAAN DE WEERDT
   en
   MARIA SALOME DE WEERDT
   getroud soos voormeld

2. PETRUS JACOBUS DE WEERDT
   en
   MARGARETHA MARIA DE WEERDT
   getroud soos voormeld

voorheen op die genoemde eiendom gehad het, en gevolglik ook erken hy dat hulle geheel en al van die besit daarvan onthef is en nie meer daartoe geregtig is nie en dat, kragtens hierdie Akte, bogenoemde

For information only

DASTEK (EIENDOMS) BEPERK
NO. 1998/004479/07

diese opvolgers of regverkrygendes, tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat; en ten slotte erken sy dat die koopsom R7 595 554,38 (SEWEMILJOEN VYFHONDERD VYF EN NEGENTIGDUISEND VYFHONDERD VIER EN VYFTIG RAND EN AGT EN DERTIG SENT) is en die datum van aankoop die 12de APRIL 2000.

TEN BEWYSE WAARVAN ek, die genoemde REGISTRATEUR, tesame met die Komparant, hierdie Akte onderteken het en dit met die Ampseël bekragtig het.

ALDUS GEDOEN EN VERLY op die Kantoor van die REGISTRATEUR VAN AKTES

te PRETORIA op 25 08 2000

q.q.

In my teenwoordigheid,

REGISTRATEUR VAN AKTES

For Information Only